LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 30/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Ons is die pêrels vir Sy Kroon

Baie van ons onthou nog die ou kinderliedjie: "As Hy weer kom, as Hy weer kom, kom haal Hy Sy pêrels... al Sy pêrels, fraaie pêrels vir Jesus se kroon." Dit is 'n pragtige beeld, maar het jy al gedink aan hoe 'n pêrel gevorm word? 'n Pêrel begin as 'n pynlike irritasie - 'n sandkorrel wat binne-in 'n oester beland. In plaas daarvan om te verwerp, bedek die oester die seer herhaaldelik met lae pêrelmoer. Deur geduld, tyd en innerlike stryd word daardie pynlike sandkorrel verander in iets van uitsonderlike skoonheid en reinheid. As gelowiges word ons skoonheid ook in die skool van die lewe gevorm. God gebruik ons beproewinge en die "sandkorrels" van die lewe om ons karakter te louter, sodat ons die reinheid en glans van Christus kan weerspieël. Dit is presies hoe ons skatte in die hemel bymekaar maak. Skatte in die hemel is nie materiële dinge nie, maar 'n lewe wat deur die Heilige Gees gevorm is: liefde, geduld, volharding en getrouheid. Wanneer ons kies om reg te leef te midde van swaarkry, pak ons pêrels in vir Sy kroon. Ons word self daardie kosbare skat wat vir Hom waarde het. Die Bybel herinner ons in Matteus 6:19-20: "Moenie vir julle skatte op die aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte in die hemel bymekaar... Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." Kom ons leef vandag so dat die Here se vormingsproses in ons sigbaar word, gereed om eendag as fraaie pêrels in Sy kroon te skitter.

## Week se Program

### 7 September 2026

- **Hokkieliga S o/10 tot o/13 vs Laerskool Secunda**
- **Tennisliga vs LS Hoëveld**

### 8 September 2026

- **Toets: NW**
- **Krieketliga o/10 (Weg), o/11 (Tuis) vs LS Kanonkop**

### 9 September 2026

- **Gholfproewe**

### 10 September 2026

- **Toets: Engels**
- **Krieketliga o/12 (Weg), o/13 (Tuis) vs LS Kanonkop**

### 11 September 2026

- **Landsdienskamp Gr. 0 & 1**

### 11 tot 12 September 2026

- **Tennis Rising Stars**
- **Hokkie Dogters Uitspele**

### 31 Aug tot 11 Sept 2026

- **Eisteddfod Eng Speech & Drama**

## Goegieland

**HARE EN VEILIGHEID:** Ons vra asseblief dat alle dogters se hare soggens vasgemaak word. Dit help om te voorkom dat hare deurmekaar raak, koeke vorm en dat maats per ongeluk aan mekaar se hare trek tydens speeltyd. Geen hakskoene word asseblief by die skool toegelaat nie. Dit is belangrik vir ons maats se veiligheid, veral wanneer hulle klim, klouter en aktief speel.

**LEES ASSEBLIEF ALLE KOMMUNIKASIE:** Ons vra vriendelik dat ouers asseblief briewe en boodskappe deeglik lees. Belangrike datums, betalings, toestemmings en ander reëlings word gereeld deurgegee. Dit help ons om seker te maak dat almal op hoogte is van wat in Goegieland gebeur.

**KONSERT USB's:** Goeie nuus! Die konsert se USB's is klaar geredigeer en die nodige foute is ook reggestel. Ons verwag dat dit eersdaags hier sal wees.

Ons het ongeveer 18 ekstra USB's bestel. Indien u dalk nog een wil aankoop, kontak gerus u klasonderwyseres om u belangstelling deur te gee.

**GROENTE-PROE:** Baie dankie aan almal wat 'n bydrae van groente gestuur het. Die maats het heerlik geproe aan al die verskillende groentesoorte. Ons het dalk selfs 'n paar nuwe gunstelinge ontdek! Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning en samewerking. Ons waardeer dit opreg.

Groete uit Goegieland

## Junior Algemene Kennis

Op Dinsdag, 11 Augustus 2026, het ons Graad 1- tot 3-leerders hul kennis, geheue en algemene kennis behoorlik op die proef gestel tydens die Junior Algemene Kennis! Daar was baie dink, 'n paar moeilike vrae en natuurlik hope slim antwoorde! Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat deelgeneem het. Baie geluk aan al ons wenners! Julle het gewys dat nuuskierigheid, 'n liefde vir leer en 'n goeie dosis kennis 'n



wenkombinasie is! 'n Groot pluimpie ook aan elke deelnemer – julle was bereid om julle kennis uit te daag en iets nuuts te leer. Hou aan vra, leer en ontdek… die wêreld is vol interessante dinge om te weet!

**GRAAD 1**

Steyn van Onselen - 1ste
Mieke de Beer - 2de
Pietro van Rooyen - 3de

**GRAAD 2**

Adelein Pretorius - 1ste
Leia Zwarts - 2de
Amelia Loots - 3de

**GRAAD 3**

Ariah Schambreel - 1ste
Thea van Rooyen - 2de
Luka Breytenbach - 3de

## Eisteddfod Engels

Baie geluk aan al die leerders met julle pragtige prestasie hierdie week met die eerste week van die Engelse afdeling. Sterkte ook aan die leerders wat volgende week aan die tweede week van die Engelse Eisteddfod deelneem. Baie geluk aan die volgende Goedehopers wat itemwenners was in hul betrokke kategorie. 'n Besonderse gelukwensing aan Manny Neto en Melandie Faber wat as Kategorie-wenners aangewys is vir hulle Engelse Dialoog.

Luka Breytenbach - Graad 3 - Monologue Light or Comic
Pippa Jevon - Graad 4 - Monologue Light or Comic
Melandie Faber - Graad 6 - Monologue Light or Comic
- Dialogue

Manny Neto - Graad 6 - Dialogue
Leané Luddick - Graad 7 - Monologue Light or Comic
- Dramatised Prose

Ilincke Viljoen - Graad 3 - Dialogue
Rayelle Bosch - Graad 3 - Dialogue
Mia-né Smit - Graad 4 - Dramatised Poetry





























| 7 Sep | 8 Sep | 9 Sep | 10 Sep | 11 Sep | 12 Sep | 13 Sep |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ariah Schambreel<br>Malan du Plessis<br>Andrea de Jager<br>Gert Jordaan<br>Jonathan Hollamby<br>Nikki Strydom | | Ruan v Aswegen<br>Marno Marais | Lika Visser<br>Mianke van Wyk | Logan Zötter<br>Marlo Keyser | Adriaan vd Merwe<br>Stefan Cloete | Wikus vd Merwe<br>Calita Cornelissen |

# Drama





Baie geluk aan Klara Meyer wat aangewys is as die Itemwenner in die Monoloog-afdeling van Graad 2, tydens die Con Spirito Nasionale Forte geleentheid. Ons is trots op jou!

# Krieket

Ons jong krieketsterre het die afgelope tyd behoorlik hul staal gewys op die krieketveld – met oorwinnings, groot houe en waardevolle wedstrydervaring! Die o/9's het teen LaerskoolTrichardt hul beste probeer, maar moes ongelukkig met 81 lopies die knie buig. Ons o/10's het teen Laerskool CR Swart met 10 paaltjies verloor, terwyl die o/11's hul span se naam hoog gehou het met 'n mooi 4-paaltjie-oorwinning teen dieselfde skool. Die o/12's het twee wedstryde gespeel. Teen Laerskool Taalfees het hulle met 'n uitstekende 14-lopie-oorwinning weggestap, met Clayton Schreuder wat die telling behoorlik laat blink het met 'n indrukwekkende 73 lopies van 70 balle. Teen Laerskool CR Swart het die span egter met 8 paaltjies verloor. Die o/13's het hul wedstryd teen Laerskool CR Swart met groot selfvertroue aangepak en 'n uitstekende 10-paaltjie-oorwinning behaal! Alister Walters was die ster met die kolf en het 'n blitsige 67 lopies van slegs 28 balle, nie uit nie, aangeteken. Nou dít noem ons 'n beurt! Baie geluk aan al ons spelers! Hou aan oefen, hou aan leer en, die belangrikste van alles – hou aan om die spel te geniet!




# Hokkie

Goedehoop se hokkieseuns en -dogters blink uit! Die Laerskool Goedehoop se hokkiespanne het onlangs die veld aangepak en met uitstekende spanwerk, vasberadenheid en 'n hele klomp Goedehoop-gees gewys waartoe hulle in staat is!

Seuns vs Highveld Ridge Primary

| | | |
|---|---|---|
| o/10: | Wen | 3 - 1 |
| o/11: | Wen | 2 - 0 |
| o/12: | Wen | 5 - 1 |
| o/13: | Wen | 5 - 0 |

Die seuns het dus 'n indrukwekkende 15 doele aangeteken en slegs 2 afgestaan – 'n fantastiese vertoning!

Dogters vs. Curro

| | | |
|---|---|---|
| o/10: | Wen | 2 - 0 |
| o/11: | Gelykop | 0 - 0 |
| o/12: | Verloor | 0 - 4 |
| o/13: | Wen | 4 - 0 |

'n Spesiale gelukwensing aan ons o/13-dogters, wat met hul puik vertoning deurgedring het na die streeksuitspele, wat op Saterdag 5 September 2026 plaasvind! Ons is ongelooflik trots op elke speler wat die Goedehoop-kleure met trots verteenwoordig. Hou aan speel, druk deur en glo in julself – die beste is nog voor!

## HOKKIESPELERS VAN DIE WEDSTRYD

24 tot 29 Augustus 2026 – Seuns • 24 Augustus tot 4 September 2026 – Dogters




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**